## Psalm 124 SONDER GOD SE BESKERMING IS ONS VERLORE!

**Dinsdag 7 April 2020**

Die pelgrims is in Jerusalem. Hulle sing nou dankliedere vir God se verlossing. Sonder God se beskerming kon die reis na Jerusalem baie anders verloop het. Sonder God se beskerming kon die hele volksgeskiedenis van Israel anders gewees het. Ja hulle kon menslikerwys uitgedelg gewees het en van die aarde af weggevee wees. Maar God het vir sy volk gesorg en sorg nou nog en sal altyd sorg tot met die wederkoms.

Dawid sing hierdie lied omdat God sy volk bewaar het. Hy gee en bring al die eer aan God vir hulle redding. Want nadat Dawid in Jerusalem begin regeer het het die Fillistyne hulle twee keer aangeval en elke keer het God groot uitkoms gegee, ***2 Sam 5:17-25***. Toe Nehemia die mure van Jerusalem herbou het en daar talle gerugte van aanslae was het hy gesê: "Ons God sal vir ons die stryd voer." **Neh 4:20**

Ons het vandag dalk nie fisiese vyande wat ons aanval en bedreig nie, maar ons het ander nood, verleidings, en sake wat ons van God af kan wegtrek. Ons leef in 'n harde, ongenaakbare wêreld waar Satan soos 'n brullende leeu soek en werk en rondkruip om ons as gelowiges te verslind. Dikwels voel ons magteloos en onseker, voel ons dalk hulpeloos en ontredderd. Waar in ons geskiedenis het ons so 'n saak van inperking beleef? Daar is talle mense, ook in ons gemeente, wat die realiteit in die oë staar van …"geen werk, geen betaling." Dit is wanneer ons na God toe draai dat ons weet daar is uitkoms.

Ons kan die Psalm in **vier dele** opdeel:

**1 Die skielike aanvalle. vv1-2** Satan val altyd skielik, onverwags aan. Daar is dikwels geen waarskuwing nie. Maar ons weet soos Dawid. "As God vir ons is, wie kan dan teen ons wees." Rom 8:31 Daarom moet ons die volle wapenrusting van Ef 6:10-18 altyd aanhê, dan kan Satan ons niks doen nie. As ons in geloof en vertroue in die Drie-enige Verbondsgod leef, hoef ons vir niks in die lewe bang te wees nie.

**2 Die hewigheid van die aanvalle. vv3-5** Dawid beskryf die verskriklikheid van die aanvalle. lewendig verslind, woede aanvalle, waters wat hulle wegspoel, skuimende waters wat hulle oorweldig. Ons kan sê vandag, 'n virus aanval op die hele wêreld. Volgens Openbaring 6 kan ons praat van 'n Vuurrooi perd – oorlogspraatjies, 'n Swart perd – ekonomiese aanvalle op ons, 'n Vaal perd – die satan wat met hongersnood en pes die wêreld tref. Dit lyk of ons hulpeloos is in 'n vloed wat oor ons spoel en ons bedreig.

**3 Die dreigende Ondier/Satan. v6** Die Bybel is vol van die beeld van 'n wilde ondier, wat dui op Satan as 'n leeu. Daar is 12 woorde in Hebreeus wat vir leeu gebruik word. Babilon word 'n leeu genoem Jer 4:7, Petrus noem satan 'n leeu 1 Petr 5:8. Satan is slinks en wag totdat ons op ons gemak is en dan val hy aan waar ons die kwesbaarste is. **MAAR** God is baie sterk

as die Satan. God is Almagtig. Jesus is die leeu van Juda. Jesus het Satan oorwin aan die kruis. In en deur Jesus Christus is ons meer as oorwinnaars.

**<u>4 Die wippe, vangnette, verleidinge is verbreek.</u> vv7,8** Soos ‘n voëltjie in ‘n wip gevang word en nie daaruit kan kom nie, probeer Satan ons vang met vrees, onsekerheid. Satan probeer vrees by ons inboesem. Maar Dawid bely dat ons bevry is. God het ons bevry. Die dood en opstanding van Jesus Christus het die mag van Satan verbreek. Ons kan en moet in en deur ons geloof, in ‘n intiem persoonlike verhouding met God leef. Ons is bevry deur Jesus Christus wat ons totaal verlos het.

Prys God en loof God. want en so eindig Dawid hierdie Psalm:

Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

**AMEN** (Ds. Gerrit Kruger Gereformeerde kerk Centurion. Sel 082 964 5595)

## Gebed

Ons getroue en barmhartige en regverdige God en Hemelse Vader. Wat ‘n wonderlike voorreg om U kinders te mag wees. U het ons verlos van alle gevaar. Niks en niemand kan ons van U liefde skei nie. Daar is talle benoudhede in ons lewens. Daar is talle aanslae, maar ons sal nie vrees nie, want U is vir ons en met ons en by ons. Jesus Christus is ons Koning wat oor die kerk regeer. Jesus Christus is die Hoof van die kerk. Dankie dat ons nie die aanslae van die Satan hoef te vrees nie. Dankie dat Satan nie mag oor ons het nie. Dank U dat ons verlos is deur Jesus Christus.

**AMEN**